


**Hulle wen**

'n Cadbury's sjokolade-geskenkpak: Rothea Pelser (Kleinmond), Sandra Buitendach (Emmarentia), Cecilia de Villiers (Elspark).

Ses bottels Fat Bastard Shiraz en twee wynglase: Irene Hough (Northriding).

'n Bottel Peaky Blinder Ierse whiskey: Jacques van Niekerk (Evander), Chris van der Westhuizen (Mountain View), Freddy Julyan (George), Henry Prins (Wolseley), Alrien Lampen (Midlands Estate), Claudette Pienaar (Vasco).

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Dood en taks: Saam is dit nie so seker

## Die boedel staan in vir die belasting, nie die erfgenaam nie

Dit is onmoontlik om seker te wees van enigiets, anders as die dood en belasting.

Dié woorde uit Christopher Bullock se *The Cobbler of Preston* (1716) is tot beroemdheid verhef ná 'n aanhaling deur die Amerikaanse staatsman Benjamin Franklin in sy brief aan die Franse wetenskaplike Jean-Baptiste Le Roy om sy onsekerheid oor die nuwe Amerikaanse grondwet te verwoord.

Die twee, dood en belasting, is nogal sekerhede. Maar as jy die twee saam in een hoed gooi, wemel dit van onsekerhede, mites en soms sommer onwaarhede.

Ek hoor gereeld van lesers wat wil weet hoe werk belasting op hul erfgoed. Die afgelope week weer van 'n leser wat geld uit 'n lewenspolis van haar oorlede man wil belê. Maar eers wil sy kyk hoeveel is oor nadat sy die belasting daarop betaal het.

Nou, hier is bietjie goeie nuus. Net so seker as wat die dood is, net so seker as wat belasting is, net so kan jy seker wees dat erfgename nie belasting betaal op hul erfbates nie.

Dit is nie te sê daar is geen belasting ter sprake nie. Dit is daar. Vir seker is dit daar. Maar dit is vir die boedel van die oorledene, nie vir die erfgenaam nie. Nie normaalweg nie.

Kom ons kyk.

**Belastings vir die boedel**

Uitstaande **inkomstebelasting** van die oorledene moet gedek word deur sy of haar boedel.

Daar is **kapitaalwinsbelasting** (KWB) betaalbaar deur die boedel op alle vaste bates en bates wat onderhewig is aan KWB (byvoorbeeld beleggings in aandele). Die wet bepaal dat jy die dag van jou sterfte hierdie bates vervreem het en dus is KWB betaalbaar daarop.

Die belasting word gehef op die wins. Die wins word bepaal deur die waarde van die bate toe dit verkry is plus toegelate verbeteringe - dit vorm die basiskoste - af te trek van die markwaarde by dood.

Die belasting word betaal uit die boedel. Erfgename verkry die bates vry van belasting en neem die erfbate in hul eie boedels op teen daardie markwaarde, wat dan hul basiskoste uitmaak.

Die derde belasting, **boedelbelasting**, word gehef op die belasbare boedel. Dit word bereken deur alle bates en geagte bates min vrystellings en toegelate aftrekkings min die belastingkorting. Dit is betaalbaar deur die boedel.

Op enkele uitsonderings na. Byvoorbeeld met 'n lewenspolis wat aan 'n begunstigde uitbetaal, sal die begunstigde pro rata die deel van die boedelbelasting wat meegebring is deur die polisopbrengs moet betaal. Indien nie, dan deur die eksekuteur.

**Hereregte**

Hereregte is betaalbaar deur die persoon wat vaste eiendom verkry. Maar vaste eiendom wat vererf, is vrygestel van hereregte.

Selfs waar erfgename 'n herverdelingsooreenkoms aangaan, is sulke bates vrygestel van hereregte.

**Polisgeld**

Die opbrengs op lewenspolisse betaal belastingvry uit aan die begunstigde.

Maar die polis val in die boedel vir boedelbelasting as 'n geagte bate en is onderhewig aan boedelbelasting soos ek hierbo noem.

Die ding - en ek hoor dit baie - dat 'n lewenspolis wat begunstig word nie vatbaar is vir boedelbelasting nie, is dus twak.

**Boedelaftrekkings**

Laastens moet ons net kortliks kyk na belastingaftrekkings in 'n boedel.

Die belangrikste vir ons bespreking vandag is seker die aftrekking wat geld vir bemakings aan 'n gade. Alle bemakings aan 'n gade, by wyse van testament, of 'n polis wat direk begunstig is, is aftrekbaar vir boedelbelasting.

En 'n gade, deesdae, sluit ook in daardie persoon met wie jy saamwoon, as daardie verhouding tot tevredenheid van ons vriend Jan Taks bedoel is om permanent te wees.

Bemakings aan 'n gade is ook vrygestel van KWB deurdat die bate oorgaan na die langslewende gade teen dieselfde basiskoste as waarteen die bate oorspronklik deur die oorledene bekom is.

**Kontant in die boedel**

Sorg vir genoeg geld in die boedel. 'n Tekort aan kontant in 'n boedel is een van die grootste redes waarom boedels nie afgehandel kan word nie.

Skuldeisers, waaronder Jan Taks, staan eerste in die ry om uit jou boedel dit te kry waarop hulle geregtig is. Daarna volg direkte bemakings, of legaatbemakings, as jy regstegnies wil wees. En dan volg gewone restanterfgename.

Boedelverpligtinge word gedelg uit die restant. Dit is dus die restanterfgename wat voor in die ry staan vir 'n onaangename ervaring as daar nie genoeg geld in die boedel is om jou verpligtinge na te om nie.

Dit kan daartoe lei dat erfbates verkoop moet word om boedelverpligtinge na te kom.

Op dié manier sal hulle dan wel aanspreeklik wees vir belasting op erfbates in jou boedel. Anders dus as wat ek aan die begin genoem het dat erfgename hul erfenisse verkry vry van belasting.

In erge gevalle kan dit beteken dat hulle selfs hul erfporsie kwyt kan wees.

Loop dus lig vir die slimstories om byvoorbeeld polisgeld te begunstig, sodat daar nie eksekuteursgeld daarop gehef kan word nie. Jou suinigheid kan jou erfgename duur te staan kom.

Hierdie is nie bedoel as 'n kursus in boedelbeplanning nie. Dis 'n kort en oorsigtelike samevatting van 'n paar feite rondom belasting by dood, om te wys dat erfgename gewoonlik erfbates vry van belasting kry.

Dit is omdat die boedel instaan vir die belasting. Nie die erfgenaam nie. Maar jy moet seker maak daarvan.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Nico gee vandag raad in Pretoria

'n Huisie by die see? 'n Kothuis in jou kinders se tuin? 'n Aftree-oord?

Verblyf ná aftrede is onder die kwessies wat Riana de Lange, senior sakeverslaggewer, en Nico van Gijsen by die Everest Wealth Lewe Plus Ekspo in samewerking met *Rapport*, *Beeld* en Netwerk24 bespreek.

Nico en Riana is vandag - Sondag 11 Junie om 14:00 - op die verhoog by The Maslow, Time Square, in Pretoria.

Hulle sal onder meer kyk na die foute wat mense geneig is om te maak met hul beplanning.

Inge Kühne, *Rapport* se redakteur, gesels om 12:00 saam met Tim du Plessis, oudredakteur van *Rapport*, Ryk van Niekerk, aanbieder van *RSG Geldsake* en redakteur van Moneyweb, en Thys van Zyl van Everest Wealth oor die politiek en ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika.

Om 10:30 Sondagoggend gesels dr. Sulette Ferreira, 'n familieterapeut wat spesialiseer in berading oor emigrasie, met Liezel de Lange van *Rapport* oor die uitwerking van emigrasie op die familie wat agterbly.

Sy sal ook raad gee oor hoe om die verskillende fases van die proses te hanteer.

Op Saterdag 10 Junie lei Barnard Beukman, *Beeld* se redakteur, en Henriëtte Loubser, hoofredakteur van Netwerk24, gesprekke oor onder meer finansiële beplanning, mediese fondse en 'n gesonde leefstyl.

Jannie Moolman en Corlea Botha tree ook op.

■ Toegang kos R175 per persoon. Bespreek by www.tixsa.co.za of koop dit by die deur.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.